# Om die krag van Christus se opstanding te ken

Die krag van Christus se opstanding! Dít is iets wat vir jou krag en moed en hoop kan gee. Maar dan moet jy dit ken en beleef.

- ***Die krag van Christus se opstanding laat ons opstaan uit ons sondeskuld***

Weens ons sonde was ons skuldig voor God. Ons het oortree en die straf wat ons moes kry, was die ewige dood. Jesus Christus het ons hiervan verlos deurdat Hy in plek skuldig bevind en gestraf is. As Hy egter dood gebly het, sou Hy nie hierdie verlossing vir ons kon gee nie. Maar Hy het opgestaan en só die dood oorwin. Daardeur laat Hy ons ook opstaan – uit die doodsheid van ons skuldig wees voor God en die straf wat ons verdien het.

- ***Die krag van Christus se opstanding laat ons opstaan uit ons geestelike dood***

Ons was geestelik dood. Ons was nie in staat om reg te lewe nie. Ons was van nature geneig om God en ons naaste te haat. Deur die krag van Christus se opstanding word ons egter opgewek uit ons geestelike dood. Ons word geestelike lewendig. Só word ons nuwe mense wat nuut begin lewe. Deur die krag van Christus se opstanding kry ons dit reg om die sonde te oorwin en reg te lewe.

- ***Die krag van Christus se opstanding laat ons opstaan uit ons liggaamlike dood***

Alle mense gaan dood, sommige jonk, sommige (die meeste) oud. Dan sterf ons liggaamlik. Deur die krag van Christus se opstanding sal ons liggame opgewek word en weer met ons siel verenig word. Dit sal dan aan die heerlike liggaam van Christus gelykvormig word.

Om die krag van Christus se opstanding te ken, is om al hierdie dinge te ken. Dit is meer as om net hiervan te weet. Dit is om dit te beleef.